

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgegeë deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

Deel XXII, No. 824

7 JANUARIE 1938

AAN DIE HOOFPOSKANTOOR
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD

Prys 4d.

Die Afrikaanse Eisteddfod

DIE sillabus van die Kaapstadse Afrikaanse Eisteddfod het tot dusver aan die end van Maart of in die begin van April verskyn. Omdat daar egter van verskeie kante gekla is dat mededingers nie genoeg tyd kry om hulle vir die wedstryde voor te berei nie, het die bestuur hom vanjaar daarop toegelê om die sillabus se verskyning met 'n paar maande te vervroeg.

Dit was seker nie 'n maklike taak om te midde van eskamendrukke en al die ander bedrywighede wat die laaste maand van die jaar met hom meebring, so 'n veelomvattende stuk werk te voltooi nie. Dit is egter gedaan, en voordat hy onlangs met vakansie vertrek het, kon die sekretaris met 'n glimlag van voldoening die manuskrip aan ons oorhandig. Die sillabus sal in ons uitgawe van 11 Februarie verskyn en so gou as moontlik daarna in brosjurevorm. Belangstellendes wat graag ekstra eksemplare van daardie uitgawe van *Die Huisgenoot* wil hê, word aangeraai om hulle vroegtydig te bestel.

Enige maande gelede het daar 'n berig in die pers verskyn dat 'n bekende rolprentmaatskappy van plan was om 'n film oor die Groot Trek te vervaardig gebaseer op die boek van Stuart Cloete, *Turning Wheels*. Daarna het die opskudding in Suid-Afrika gekom, en toe het die maatskappy blykbaar wyselik besluit om maar liever nie mnr. Cloete se valse voorstelling van toestand as basis vir 'n rolprent te neem wat per slot van rekening ook 'n historiese karakter moet hê nie.

Nou is daar sprake van dat die scenario vir die rolprent gebaseer sal word op 'n veel minder opspraakwekkende boek oor die Trek wat ook onlangs verskyn het, nl. *They Seek a Country* van Brett Young. Hierdie boek gee 'n vry goeie beeld van toestand tydens die Trek, en die skrywer se houding teenoor die Trekkers is deurgaans simpatiek. Dit tref 'n mens egter dat die eerste gedeelte van die boek, waarin toestand in Engeland in die dertiger jare uitgebeeld word, heelwat oortuigender is as die laaste gedeelte, wat aan die Trek gewy word.

Terloops kan ons hier vermeld dat daar nou ook 'n Amerikaanse edisie van *Turning Wheels* verskyn het, kompleet met 'n „covered wagon” op die omslag — d.w.s. die soort wa wat in die Verenigde State gebruik is tydens hul groot uittoeg na die Weste. Blykbaar is dit onmoontlik om die invoerverbod uit te voer as 'n boek afsonderlik weggestuur word, want verskeie eksemplare van die Amerikaanse uitgawe het onlangs in Suid-Afrika aangekom.

op die doelstelling en strewe van die beweging word daar gelet nie, soms nog minder op wat dit daadwerklik tot stand bring, maar op die politieke oortuigings van adjudante, veldkornette of kommandante. *Die Huisgenoot* wil hom verenig met die beroep wat daar gedoen is om politieke agterdog en tweedrag te weer uit 'n beweging wat enkel die vooruitgang beoog van al ons Afrikaanse seuns en dogters. Reg beskou, is dit tog maar kleinlik om een of ander persoon se warme belangstelling in die beweging te betwyfel of selfs te wantrou alleen omdat hy politiek andersdenkend mag wees.

In 'n baie gunstige resensie oor „The Voortrekkers of South Africa” (dr. Manfred Nathan) maak dr. Gustav Preller in *Die Brandwag* van 17 Desember melding van 'n radio-bespreking oor die boek deur sekere mev. Drennan van Johannesburg. Hierdie dame, nadat sy gelees het van die moord op die Boere en hul vrouens by Blaaukrans, Moordspruit en die moord op Retief, kan nie nalaat om te sê: „I cannot help feeling a sneaking regard for the Zulus. After all, they favoured the British Government, and were against the Boers!”

Saam met dr. Preller betreur ons hierdie helaas nog te algemene verskynsel van ruimhartigheid. En waaraan 'n mens jou erger, is nie die sinisme en harteloosheid van hierdie beskaafde dame nie, maar aan haar belaglike onkunde. Want soos dr. Preller duidelik bewys, is daar nie alleen geen grond vir haar uitlating as sou die Zoeloes Britse oorheersing begeer het nie, maar die regstreekse teenoorgestelde daarvan is waar.

In dieselfde uitgawe van *Die Brandwag* bespreek Elizabeth Eybers die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring. Sy sluit af met: „Die Afrikaanse Skrywerskring — 'n toepasliker en beskeidener benaming sou gewees het *Die Johannesburgse Vereniging vir Manlike Belangstellendes in die Letterkunde*.” Sommer 'n paar angels tegelyk!

Beurs vir 'n Suid-Afrikaanse Komponis

MNR. C. F. JAMES, hoofbestuurder van die „Performing Right Society” het 'n beurs ter waarde van £200 per jaar aangebied aan die Suid-Afrikaanse-gebore komponis wie se werke die oorspronklikste en grootste talent openbaar. Blykbaar het die musikaand van die Oranjeklub georganiseer deur mnr. C. H. Weich en waarop verskeie van Blanche Gerstman en A. C. van Wyk uitgevoer is, mnr. James op hierdie gedagte gebring.

Die redes wat die *Performing Right Society* gee vir hierdie besluit is dat ons land se geskiedenis en sy natuurskoon vrugbare

(Vervolg op bladsy 79.)

JOU ROEPSTEM

*Ek hoor jou roep, my lief,
God weet, en ken my hart
wanneer die dag se stilte uitsprei
as 'n sinnebeeld van smart.*

*Ek wou dat al die dae helder was en skoon,
soos blou gebuigde hemels van die dag.
Ek wou dat al die sterre wagte was
en ligte bly deur heel die lange nag.*

*Maar altyd is my stemme stom
van klanke in my keel wat wag
net soos die trane in jou oë vroeg gestol;
stom soos die stilte van die nag.*

J. J. DE V. STEYN.

Die Voortrekker-Kongres

IN die koerante het daar breedvoerige verslae verskyn van die derde Uniale Kongres van die Voortrekker-beweging.

Andermaal het dit nodig geword vir die leiers om te beklemtoon — en hierdie keer deur persone van verskillende politieke oortuigings tot beskermhere te kies — dat die beweging met die politiek niks uit te staan het nie. Dis ongelukkig waar dat hierdie vir ons jeug so noodsaaklike beweging nog dikwels op onverantwoordelike wyse met die politiek geassosieer word: nie

Ook die besluit van die Kongres teen die deelname van Afrikaanse seuns en dogters aan buitelandse klubs was tydlig. „Popeye” en „Shirley Temple” word die kinders op elke moontlike wyse opgedis. Dat hulle belangstel in hierdie held en vroegrype heldinnetjie is begryplik vir elkeen wat kinders ken. Maar die Voortrekkerbeweging self is die aangewese liggaam om hierdie invloed te bestry — deur iets lewendiger en interessanter in die plek daarvan te stel. Skep iets vir die kind waarin hy homself ongedwonge kan uitleef, en hy sal ophou om sy ideaaltjies in „Popeye” of Shirley Temple verwesenlik te sien.

Beurs vir 'n Suid-Afrikaanse Komponis

(*Vervolg van bladsy 13.*)

ingewings behoort te skenk aan 'n komponis en ook omdat daar so min musiek van Suid-Afrikaanse oorsprong op musiekprogramme gevind word. Tog kan ons aanneem dat die besondere talent van mej. Gerstman en Van Wyk die hoofbestuurder van die vereniging oortuig het dat so 'n beurs nie op talent sal hoef te wag nie.

Die beurs word oorsee beskikbaar gestel omdat Suid-Afrika nog nie oor dieselfde geriewe beskik vir die studie van musiek as oorsese lande nie. Die vereniging sal self die musiekakademie in Engeland uitkiees waaraan die beurshouer moet studeer.

Die vereniging het 'n keurkomitee aangewys bestaande uit prof. M. C. Botha (voors.), sir J. C. Beattie, adv. H. A. Fagan, L.V., mnr. I. C. Silberbauer, verteenwoordiger van die vereniging in Suid-Afrika, en nog 'n lid wat waarskynlik 'n musikus sal wees en wat nog benoem moet word.

Dis effens bevreemdend dat daar net een musikus op die komitee dien. Maar selfs dit mag sy voordele hê. Dit kan natuurlik aangeneem word dat hierdie komitee wat oorwegend uit leke bestaan, hulself baie deeglik sal inlig voordat hulle tot 'n besluit oorgaan.